# KINDERKERK LES: Elia

**Doel van les:**

Ons gesels oor vreemde opdragte in die Bybel.  Dit is ‘n eksamenles - ‘n opdrag wat God aan die profeet Elia gegee het.

**Aktiwiteit:  Gee vir elke groep klei**.  Elke groep word een deel uit die storie gegee om met klei uit te beeld: Groot klei mannetjie wat Elia voorstel, Krone vir koning Agab, Kraaie, Vleis en brood en Stroompie.  Gee kinders kans om die items uit klei te maak.   Sit ‘n groot tafel reg vir voltooide klei skeppings.

**Sê:**  Julle het nou seker gedink dis baie snaakse dinge wat ek wil hê julle moet maak, maar eintlik het ek ‘n baie goeie rede vir dit.  Ek gaan julle pragtige klei skeppings gebruik om vir julle ‘n storie te vertel waar God vir Elia ‘n snaakse ding gesê het om te doen.  Soos ek die storie vertel en julle hoor dat ek praat van die goedjies wat julle uit klei uit moes maak, moet julle kom en julle klei skeppings op die tafel kom neersit.  So gaan julle my help om die storie van Elia en die kraaie te vertel.

**God sorg vir Elia – 1 Konings 17**

Lank gelede was daar ‘n profeet en sy naam was Elia. (**Groep wat mannetjie gemaak het wys dit en sit neer op tafel.)**  Hy het vir die Israeliete van God vertel, maar hulle wou nie luister nie. Hulle koning, Agab, was sleg. **(Kinders kom sit krone op die tafel.)**  Hy en sy vrou was nie lief vir God nie.

Op ‘n dag sê Elia vir Agab:  “Julle wil nie luister nie.  Nou gaan God nie meer reën stuur nie.  Daar sal niks kos wees vir julle of julle diere nie.”

Toe Agab dit hoor, word hy so kwaad, hy wil vir Elia doodmaak.  Maar God sê:  “Elia, gaan kruip weg by die stroompie Krit.  Ek sal daar vir jou sorg. **(Kinders bring stroompie.)**

Elia luister vir God.  Hy gaan na die stroompie Krit, maar daar is geen ander mense nie.  Daar is ook nie kos om te eet nie.  Hy kan darem van die stroompie se water drink.  Maar Elia is nie bang nie.  Hy weet God sal vir hom sorg.

Elia wag en wag.  Dit is warm en hy is honger.  Skielik kom ‘n paar kraaie aangevlieg.  Die kraaie is nie eens bang vir hom nie en vlieg al hoe nader. **(Kinders bring kraaie.)**

En toe sien Elia ‘n wonderwerk.  Party van die kraai het vleis in hulle bekke.  In die ander se bekke is brood. **(Kinders bring brood en vleis.)**  Toe weet Elia:  Die kraaie bring vir my kos.  Dit is God wat hulle gestuur het.  Hy het mos belowe Hy sal vir my sorg.

Daardie aand het die kraaie weer gekom.  Hulle het weer vleis en brood gebring.  Die volgende dag ook en die dae daarna.

Hierdie verhaal is geneem uit:  Ons eie Kleuterbybel, bl70-71, Juliana Nothnagel en Johann Strauss

Ons kan ook weet dat God vir ons sal sorg wanneer ons na Hom luister en Hom die liefste van almal het.

Groepe sluit af met gebed.